
1JH 4:7 - WAT OP AARDE IS 'N CHRISTEN? [10]

Die derde merkteken

E256

Ontrent almal leef vir liefde. Dit word bepraat, bestudeer, besing, beskryf, beoefen - en gepleeg. Talle uitdrukkings van wêreldse liefde is edel, maar die perverse word ook dikwels geregverdig in die naam van liefde.

- Christelike liefde (*Gr. "agape"*) is egter iets baie uniek. Trouens, net wedergeborenes het dit. Die wedergeborte is absolute voorwaarde daarvoor. As hierdie merkteken verstaan wil word, moet sg. natuurlike liefde (2Tm 3:3), hoe verhewe ook al, nie vir die egte aangesien word nie.

- Die unieke van Christelike liefde lê in die *dubbele gerigtheid* daarvan (1Jh 5:1-2).

Enersyds kom dit tot openbaring in gehoorsame liefde teenoor God. Andersyds word dit 'n werklikheid in dienende liefde teenoor die medemens (veral broers en susters in die Here).

Hierdie twee komponente van ware "*agape*" is dus sonder uitsondering soos 'n siamese tweeling in elke herskepte lewe teenwoordig.

- Die "vertikale" sonder die "horisontale" is huigelagtig. Dit word dan "tiendes van speserye", sonder geregtigheid, barmhartigheid en betroubaarheid (Mt 23:23).

Die "horisontale" sonder die "vertikale" is menslike moralisme. Verhewe en edel soos die uitdrukkings hiervan ook al soms is, is dit op sigself nie 'n merkteken van wedergeborte nie. Aanhangers van vals godsdienste en ateïste handhaaf immers dikwels hoë morele standaarde en beoefen meermale verstommende filantropie.

Dit is dan ook op hierdie punt wat die sg. *social gospel* baie dikwels die toets dop.

- Liefde, in sy tweërlei gerigtheid, is die hart van Christelike etiek. (Mt 22:34-40; Mk 12:28-34). As sodanig is daar niks wat God méér behaag nie - en só sal dit altyd wees (1Kor 13:13).

Liefde vir die naaste

□ 1Jh 3:14-18 is baie verhelderend (cf. Jk 2:14vv).

- Broederliefde is 'n definitiewe merkteken van redding (v.14-15).

- Jesus Christus se volmaakte voorbeeld is terselfdertyd die definisie daarvan. En die essensie daarvan lê in 'die aflê van jou lewe vir jou broers en susters' (v. 16).

- Hoe lê ons ons lewens vir ander af? Ons hoef tog nie weer gekruisig te word of vir ander te sterf nie. Dit gaan oor die aanwending van wat ek beskikbaar het in belang van ander (v.17).

Die kruisiging was nodig vir ons redding. Jesus alleen kon dit bewerkstellig. Hy het gevolglik wat Hy gehad het in ons belang aangewend en Homself vir ons geoffer.

Johannes gebruik 'n praktiese voorbeeld om die punt tuis te bring: materiële uitdeling en versorging. Maar dit gaan oor enigiets, wat ook al (bv. vermoëns, kennis, ervaring, tyd ens.), wat ek beskikbaar het en kan gebruik om iemand anders mee te seën. Só kan ook die arme liefde aan die ryke betoon. Hy het, sê maar, uitstekende praktiese vaardighede, terwyl die ryke dalk met tien duime gebore is.

- Christelike liefde is dus uiteindelik iets wat ek *doen*, eerder as iets wat ek sê of voel. Maar dis selfs meer as dit - dit kom uit die hart uit, dis *opreg* (v.18).

- Dat dienende self-afligging die wesenstrek van

naasteliefde is, word ook deur die apostel Paulus in Fil 2:1-7 uitgelig. In v.1 baseer hy sy oproep tot sulke liefde op die onpeilbare genade wat sy lesers in Christus ontvang het. In v.2-4 beskryf hy hoe hierdie liefde lyk en gaan dan in v.5-7 voort om, soos Johannes, die Here Jesus se vernederende selfverloëning as hulle model voor te hou.

- Die apostels het hierdie sentrale waarheid natuurlik by die Here self geleer, weliswaar baie moeilik. Die ambisie om die vernaamste te wees, was 'n voortdurende strydpunt tussen hulle (Mt 18:1-4; 20:17-28). Selfs die aand voor die kruisiging was dit weer 'n kwessie (Lk 22:24-27).

Wat egter later daardie aand in die bovertrek gebeur het, moes sonder twyfel 'n onuitwisbare indruk op hulle gemaak het. In Jh 13:1-17 word die voetwassing beskryf. In hierdie handelingsgelykenis het die Here Jesus in die eerste instansie na Sy eie dienswerk aan die kruis verwys (v.8). Hy gaan egter onmiddellik voort om Sy dissipels op te roep om Hom in hierdie self-afliggende diensbaarheid na te volg (v. 12-17).

Minute later vat Hy dan hierdie saak, wat so aan die hart van die Christelike etiek lê, in uitdruklike woorde vir hulle saam. So 'n onmisbare element is dit van die Christelike lewe, dat Hy daarvan 'n merkteken van egtheid maak (Jh 13:34-35).

- Uit bogenoemde is dit nou duidelik waarom naasteliefde al dan nie op die oordeelsdag die ewige bestemming van mense sal bepaal (Mt 25:31-46). Die Here leer nie hier dat mense op grond van goeie werke gered word nie, maar dat goeie werke die noodwendige uitvloeisel van redding is. En as sodanig is dit die watermerk van egtheid daarvan.

Wat Hy hier beskryf, is die liefde wat merkteken van die wedergeborte is!

- *Liefde vir die naaste, veral vir broers en susters in die Here, is geen randsaak in die Nuwe Testament nie; inteendeel! Allermins!*

- Christelike liefde is 'n dienende, voetwassende

liefde - ingestel op my broers en susters se welsyn.

LIEFDE VIR GOD

• In die mensgesentreerde wêreld van ons dag vergeet selfs Christene maklik dat naasteliefde wat nie ook gepaard gaan met liefde vir God nie, nie egte Christelike liefde is nie. Maar hier het ons presies die suurtoets! Altyd, ja áltyd, kom ware Christelike liefde, daardie liefde wat merkteken van wedergeboorte is, ook in liefde vir God tot uitdrukking!

• Hoe kom liefde vir God tot uitdrukking? Daar is 'n subjektiewe of innerlike beleving en daar is 'n objektiewe of uiterlike uitlewing.

• Elkeen wat hierdie liefde het, ervaar tot 'n mindere of meerdere mate sekere emosies wat oor en oor in die Heilige Skrif genoem word.

Van Bybelse tye af ken alle ware gelowiges onderstaande.

• **Verlange na die Here God, persóónlik.**

Om Hom steeds beter te ken, is 'n hartstog. Luister na Moses se gebed, "Laat my tog U heerlikheid sien" (Eks 33:18), en Dawid se versugting, "Soos 'n wildsbok smag na waterstrome, so smag ek na U, o God" (Ps 42:2), is verwoording van die ware Christen se diepste verlangens.

Hy of sy wat God liefhet, wéét dat geen finale vergenoegdheid buite Hóm moontlik is nie. Thomas Watson was reg: "Give a hypocrite, who pretends to love God, corn and wine - and he can be content without God. But a soul fired with love to God, cannot be without Him."

Die vraag is dus: soek ek en jy die Gewer, of soek ons bloot Sy gewes?

• **Die innige tevredenheid van gemeenskap met Hom.**

Hierdie kosbare beleving van alle ware Christene deur die eeue, noem die apostel "die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan" (Fil 4:7).

• **Die verskriklike verlatenheid van gebroke gemeenskap met God.**

Helaas, beleef elke Christen ook dit. Dis sonde in sy duisend gestaltes wat dit aan 'n mens doen.

Na sy egbreuk met Batseba, voordat Natan na hom toe gekom het, het Dawid alles in sy vermoë doen om wat gebeur het onder die mat in te vee. Hierdie tyd van ellende beskryf hy later in Ps 32:3-4: "Toe ek oor my sonde geswyg het, het my liggaam uitgeteer soos ek heeldag om hulp geroep het. U hand het dag en nag swaar op my gedruk, my krag het opgedroog soos water in somerhitte." 'n Teruggelyde gelowige is die ellendigste van alle mense. Hy beleef niks van sy erfenis in Christus nie; en hy is nie meer in staat om sonde te geniet nie!

Tipiese wanhoopskrede van ons dag is: "My goed is weg - of my gesondheid, of my vrou, of my kinders!" Maar hy wat God liefhet se heel diepste wanhoopskreet is: "My God is weg!"

Die ware Christen leer dus gou om enigiets te vermy wat die Heilige Gees bedroef, en gevolglik hierdie verlatenheid meebring.

• **Verlange om meer en meer soos Jesus Christus, die Voorwerp van my liefde te word.**

Die Bewerker van liefde vir God, die Heilige Gees, is meteen ook heiligmakend in my besig (2Kor 3:18).

• **Ontsteltenis as die Here se Naam oneer aangedoen word.**

Hoe kan dit anders as ek Hom waarlik liefhet?

• Ware liefde vir God kan nie anders as om te wys nie; trouens, dit bepaal mens se hele lewe.

Omdat die Een wat ek liefhet se "glimlag van goedkeuring" vir my meer werd is as die hulde van 'n duisend mense, het ek één ambisie: om Hom te behaag (hierdie ambisie is immers as lewensbeginsel in my ingeskape deur die wedergeboorte). Ek doen dus wat Hy beveel; ek vermy wat Hy verbied.

• Die vraag is, hoe kan ek weet wat Hy wil? Hy het dit baie duidelik in Sy Morele Wet, die Tien Gebooue,

bekend gemaak! Die eerste tafel van die Wet is glashelder oor hoe Hy wil hê ons liefde vir Hom tot uitdrukking moet kom.

Die eerste gebod: Die *Wíé* van ons aanbidding en liefdesdiens.

Die tweede gebod: Die *hóé* van ons aanbidding en liefdesdiens.

Die derde gebod: Die *gesindheid en respek* van ons aanbidding en liefdesdiens.

Die vierde gebod: Die *wánneer* van ons aanbidding en liefdesdiens. Ses dae van die week moet ons as rentmeesters van Sy skepping vir Hom werk. En die oorblywende dag moet ons afsonder ten einde toegespits met Hóm besig te wees.

• Johannes sê dit uitdruklik in 1Jh 5:3: "*Die liefde vir God bestaan dan daarin dat ons Sy gebooue gehoorsaam.*" Wat ons móét begryp, is dat God dit nie aan ons menslike willekeur oorlaat om te besluit hoe ons ons liefde vir Hom gaan wys nie; nee, Hy gee vir ons tien kanale waarin dit moet vloei!

• Dit is onvermydelik dat hierdie liefde vir Hom ons sal aanspoor om ook ander so ver te kry om Hom lief te hê. Daarom bid en getuig en gee en gaan ons!

2Kor 5:14: "*Want die liefde van Christus ¹ dring ons.*" Let op die konteks: die bediening van die versoening.

Nico van der Walt

• Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in meer as 'n halfdosyn lande in Afrika suid van die ewenaar.

• Subskripsies, adresveranderings, kanselliasies en korrespondensie: Postnet Suite No.148, Privaatsak X1, Northcliff, 2115, Suid-Afrika.

E: nico.vanderwalt@reformed.org.za ; Tel. 011 476 2907; 082 848 9396.

• Blogs: www.e-preke.blogspot.com (met skakels na nóg 4 blogs)

• Weekliks word 'n preek soos hierdie wêreldwyd en gratis in Afrikaans en Engels per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevra het.

• Geen kopiereg. Dupliseer gerus. Of stuur elektronies verder.

• Preekopnames: E: info@nunide.org.za ; T: 012-808 3906

1. Hierdie uitdrukking kan ook dui op Christus se liefde vir ons (subjektiewe Genitief). Ek vertolk dit hier as 'n objektiewe genitief. Beide is egter waar en Bybels.